**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**EKONOMIE SG**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord SES vrae.
  - Afdeling A: Vraag 1 is VERPLIGTEND.
  - Afdeling B: Beantwoord enige VYF vrae.
- Beantwoord Vraag 1 (meervoudige keusevrae) op die **antwoordblad** aan die **binnekant van die omslag** van jou **antwoordboek**.
- Lees die vrae noukeurig deur.
- Nommer jou antwoorde duidelik en korrek.
- Beplan die lengte van jou antwoorde volgens die aantal punte wat aan elke vraag toegeken word.
- Beantwoord vrae, waar moontlik, puntsgewys.
- ? Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.
- Loodpotlood-werk sal nie gemerk word nie.

---

AFDELING A
**VERPLIGTEND**

**VRAAG 1**
**MEERVOUDIGE KEUSEVRAE**

Kies die korrekte antwoord uit die vier moontlikhede (A – D) wat vir Vrae 1.1 – 1.34 gegee word. Dui die korrekte antwoord aan met ? kruisie (**X)** oor die ooreenstemmende letter op die **antwoordblad** aan die **binnekant van die omslag** van jou **antwoordboek.**

1.1 In- en uitvoere word deel van die ekonomiese kringloop deur die ________ sektor.

A. Sake-
B. buitelandse
C. owerheid-
D. huishouding-

1.2 Nasionale produksiesyfers dui die waarde van alle ____________ goedere aan.

A. finale
B. buitelandse
C. intermediêre
D. binnelandse

1.3 Een van die hoofredes waarom nasionale inkomeberekeninge nie korrek is nie, is __________ .

A. dat die inkome van minder belangrike besighede nie bereken word nie
B. dat inkome wat in vrye tyd gegenereer word, bereken word
C. dat nasionale inkome maklik is om te handhaaf
D. dat sekere dienste namens die gemeenskap uitgesluit word


1.4 Reële nasionale inkome staan ook bekend as syfers teen __________ pryse.

A. konstante
B. basiese
C. huidige
D. mark-

1.5 Die belangrikste maatstaf om die uitset van die ekonomie te bepaal is die _____ .

A. BNP
B. VPIX
C. BBP
D. PPI

1.6 Bestudeer die onderstaande diagram en dui aan wat punt (**Y**) op die siklus beteken.




A. Depressie
B. Resessie
C. Trog
D. Piek

1.7 Om dubbeltelling te voorkom in die berekening van die nasionale inkome, moet slegs __________ goedere in aanmerking geneem word.

A. intermediêre
B. finale en intermediêre
C. halfklaar
D. finale

1.8 Die begrip **waarde** in ekonomiese terme verwys na ____________ .

A. ruilwaarde
B. gebruikswaarde
C. vraag
D. aanbod

1.9 Indien goedere geruil word vir ander goedere, staan dit bekend as ___________handel.

A. prys-
B. ruil-
C. mark-
D. waarde-

1.10 ? Volmaakte mark het baie ____________ .

A. kopers en baie verkopers
B. kopers en een verkoper
C. verkopers en een koper
D. verkopers en min kopers

1.11 Die beweging op die vraagkurwe is altyd as gevolg van ? verandering in _______ .

A. hoeveelheid gevra
B. prys
C. hoeveelheid aangebied
D. skaarsheid

1.12 Nut verwys na die ____________ .

A. vermoë om behoeftes te bevredig
B. waarde van goedere
C. beskikbaarheid van goedere
D. prys van goedere

1.13 Die koste van een kommoditeit of diens in terme van ? alternatief wat opgeoffer word, staan bekend as _____________ .

A. skaarsheidskoste
B. geleentheidskoste
C. keuseprobleem
D. opofferingskoste

**b.o.**

1.14 Die winsgewendheid van ? besigheid is afhanklik van ___________ .

A. produsente
B. verskaffers
C. belastingaanspreeklikheid
D. vraag

1.15 Minder ontwikkelde lande staan ook bekend as _______ ekonomieë.

A. ontwikkelde
B. onder-ontwikkelde
C. onontwikkelde
D. ontwikkelende

1.16 In Suid-Afrika vorm korridors deel van die regering se ________ beleid.

A. arbeids-
B. ruimtelike ontwikkelings-
C. spesiale ontwikkelings-
D. stedelike ontwikkelings-

1.17 Ten einde te kwalifiseer vir aansporings vir vaardigheidsontwikkeling moet ? onderneming __________ .

A. klein of middelgrootte wees
B. in ? NOS geleë wees
C. nuwe personeel aanstel
D. nuwe personeel oplei

1.18 Watter een van die volgende voldoen NIE aan ? effektiewe verstedelikingsbeleid nie?

A. Verbetering van die lewenstandaard van inwoners
B. Skepping van werksgeleenthede vir ongeskoolde werkers
C. Verbetering van munisipale dienste om die behoeftes maksimaal te bevrediging
D. Om ? aanvullende bron van inkomste te skep

1.19 Watter een van die volgende is ? kenmerk van die informele sektor?

A. Gebrek aan sekuriteit
B. Ondervinding in ? vorige ambag
C. Werksekuriteit en sekerheid van ? inkomste
D. Kapitaalintensief

1.20 ? Straatsmous is ? voorbeeld van ? ________ aktiwiteit.

A. gereguleerde
B. formele
C. informele
D. aangetekende

1.21 Een van die oorsake van internasionale handel is dat _________ .

A. natuurlike hulpbronne eweredig oor die oppervlak van die aarde versprei is
B. kapitaal maklik bekombaar is deur alle lande
C. klimaatstoestande die landbouproduksie bepaal
D. goedere in voldoende hoeveelhede in alle lande vervaardig word

1.22 Die metode wat deur die regering gebruik word om die waarde van sy geldeenheid onder ? vryswewende stelsel te verminder, staan bekend as ____ .

A. depresiasie
B. appresiasie
C. deflasie
D. devaluasie

1.23 Die wisselkoers tussen die VSA en SA is $1 = R7,50. Indien die waarde van die Rand met 10% daal, sal die nuwe wisselkoers _______ wees.

A. $0,90 = R8,25
B. $1,10 = R7,50
C. $1,00 = R8,25
D. $1,00 = R6,75

1.24 Die vraag na valuta word bepaal deur _________ .

A. uitvoer van goedere
B. uitgawes van buitelandse toeriste
C. invoer van goedere
D. die koop en verkoop van goedere en dienste

1.25 Die betalingsbalans van Suid-Afrika word elke __________ gepubliseer.

A. jaar
B. maand
C. week
D. kwartaal

1.26 Die finansiële ondersteuning wat die regering aan uitvoerders verleen, staan bekend as ___________ .

A. uitvoerbelasting
B. doeanebelasting
C. uitvoersubsidies
D. uitvoerkwotas

1.27 Spesiale Trekkingsregte aan lede word uitgereik deur die ____________ .

A. V.N.
B. I.M.F.
C. A.U.
D. S.A.R.B.

1.28 Die staat speel ? aktiewe rol in die produksie van natuurlike hulpbronne in S.A. deur ______________ .

A. bosbou
B. finansiële beheer
C. intellektuele ontwikkeling
D. kulturele ontwikkeling

1.29 In Suid-Afrika is gevangenisdienste bekend as ______ dienste.

A. infrastruktuur-
B. ekonomiese
C. sosiale
D. beskermings-

1.30 Belasting op toegevoegde waarde is ? vorm van ___________ belasting.

A. progressiewe
B. indirekte
C. inkomste
D. direkte


1.31 Die beleid van die staat wat daarop gemik is om die geldvoorraad te beheer en wat deur die SARB geïmplementeer word, staan bekend as _______ beleid.

A. fiskale
B. monetêre
C. ekonomiese
D. bemarkings-

1.32 Die staat se finansiële jaar strek vanaf ____________ .

| | | | |
|---|---|---|---|
| A. | 1 Julie | - | 30 Junie |
| B. | 1 Maart | - | 28 Februarie |
| C. | 1 Januarie | - | 31 Desember |
| D. | 1 April | - | 31 Maart |

1.33 Watter vorm van belasting word deur die onderstaande grafiek geïllustreer?



A. Progressiewe
B. Verminderde
C. Proporsionele
D. Regressiewe

1.34 Die begrotingstoespraak word in die Parlement gelewer deur die ________ .

A. Minister van Handel en Nywerheid
B. Staatspresident
C. Minister van Finansies
D. President van die Reserwebank 34x3= **(100)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [100]**

AFDELING B

- Beantwoord enige VYF vrae uit hierdie afdeling.
- Alle vrae moet in jou **antwoordboek** beantwoord word.
- Antwoorde moet die verlangde vraaginhoud dek.

**VRAAG 2**
**NASIONALE INKOME**

2.1 Bespreek hoe huishoudings hulle inkome bestee. (12)

2.2 In ? geslote ekonomie is die basiese makro-ekonomiese vloeie per definisie gelyk aan mekaar. Bespreek TWEE basiese makro-ekonomiese vloeie. (8)

2.3 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die volgende vrae.

| JAAR | BEVOLKING | PRYSINDEKS | INKOMSTE PER CAPITA |
|---|---|---|---|
| 2001 | 44 Miljoen | 100 | R430 |
| 2002 | 42 Miljoen | 130 | R480 |

2.3.1 Bereken die volgende:

a) Nominale nasionale inkome vir 2001 (3)
b) Nominale nasionale inkome vir 2002 (3)
c) Reële nasionale inkome vir 2002 (3)

2.3.2 Watter jaar is die basisjaar? (1)

2.4 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die woord teenoor die toepaslike vraagnommer neer.

2.4.1 Deelnemers in die ekonomie wat die invoere en uitvoere van goedere en dienste verteenwoordig, is (verbruikers / buitelanders).

2.4.2 Bruto binnelandse produk kan herlei word na netto binnelandse produk deur die verbruik van vaste kapitaal (af te trek / by te tel).

2.4.3 (Voedsel items/ Motors) kan geklassifiseer word as duursame goedere.

2.4.4 Die totale vergoeding aan werknemers plus netto bedryfsurplus in die bepaling van nasionale inkome kan beskou word as die (bestedings-/ inkome-) metode.

2.4.5 Die proses waardeur BBP per capita onder inflasionêre omstandighede oor tyd toeneem, staan bekend as ekonomiese (groei / ontwikkeling).

5x2= (10)

**[40]**

**VRAAG 3**
**PRYSVORMING**

3.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

3.1.1 Die intensiteit van ? behoefte bepaal die (vraag na/aanbod van) ? produk.

3.1.2 Bemarking deur middel van (monsters/graad) kan nie in die wêreldmark plaasvind nie.

3.1.3 Die skaarsheidsprobleem is opgelos in (sommige/geen) ekonomieë in die wêreld nie.

3.1.4 Indien die prys vir ? produk (styg/daal), beweeg die aanbodkurwe na regs.

3.1.5 Die prys wat vir ? produk betaal moet word, sal vanself (toeneem/afneem) indien die vraag na die produk styg en die aanbod onveranderd bly. 5x2= (10)

3.2 Bespreek VIER tipes behoeftes. (12)

3.3 Beskryf TWEE voordele van mededinging in ? kapitalistiese markekonomie. (8)

3.4 Bestudeer die onderstaande tabel. Gebruik die inligting om ? grafiek te trek wat die ewewigspunt voorstel.

| PRYS | SAKKE LEMOENE GEVRA | SAKKE LEMOENE AANGEBIED |
|---|---|---|
| 10 | 1 000 | 100 |
| 15 | 800 | 200 |
| 25 | 500 | 500 |
| 30 | 300 | 800 |
| 35 | 150 | 900 |

(10)

**[40]**

## VRAAG 4
## EKONOMIESE ONTWIKKELING

4.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

4.1.1 Die beweging van mense van die platteland na stede staan bekend as (verstedeliking/streeksontwikkeling).

4.1.2 Die toename in reële BBP per capita staan bekend as (ekonomiese groei/ekonomiese ontwikkeling).

4.1.3 (Streeksontwikkeling/Nasionalisering) het as doel om die potensiaal van ? spesifieke gebied te bevorder.

4.1.4 Plaaslike nywerhede word aangemoedig om goedere te produseer vir uitvoere deur (doeaneregte/heffingsvrye aansporings).

4.1.5 Die informele sektor ontduik (persoonlike inkomstebelasting/BTW). (10)

4.2 Siektebeheer en die verbetering van gesondheid is strategieë vir die ontwikkeling van menslike hulpbronne om ekonomiese ontwikkeling te bevorder. Bespreek TWEE ander strategieë. (8)

4.3 Bespreek DRIE finansiële aansporings wat beskikbaar is aan entrepreneurs in die stigting van nuwe ondernemings. (12)

4.4 Lees die uittreksel aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Suid-Afrikaanse Besighede en HIV/Vigs**

? Ondersoek oor die impak van Vigs op besighede in Suid-Afrika is in Desember 2003 deur die Suid-Afrikaanse Besigheidsvereniging teen HIV/Vigs, (SABCOHA) onderneem. Die uitslag van hierdie navorsing is in Januarie 2004 gepubliseer.

Die ondersoek is gelei deur die Buro vir Ekonomiese Navorsing (BEN) gedurende Oktober en November 2003. Tot op hede is dit die grootste navorsing van sy soort met meer as 1 006 deelnemende maatskappye vanuit verskeie sektore, onder andere, die vervaardigings-, kleinhandel-, groothandel-, motor-industrie, bou- en konstruksiesektore.

Na aanleiding van die ondersoek wordSuid-Afrikaanse ondernemings reeds gekonfronteer met die vreeslike gevolge van HIV/Vigs en die reaksie van die besigheidsketor op hierdie pandemie moet dringend bespoedig word.

**Bron:** ***Sunday Times***

4.4.1 Identifiseer TWEE nywerhede wat betrokke is by die ondersoek oor die impak van HIV/Vigs op besighede. (4)

4.4.2 Wanneer het die ondersoek plaasgevind? (3)

4.4.3 Waaroor staan die akroniem **Vigs**? (3)

**[40]**

## VRAAG 5
## INTERNASIONALE HANDEL

5.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

5.1.1 Doeaneregte word op alle (invoere/uitvoere) gehef.

5.1.2 (Goud/Steenkool) is die grootste verdiener van buitelande valuta in Suid-Afrika.

5.1.3 Spesiale Trekkingsregte wat uitgereik word as metode van betaling word uitgereik deur die (IMF/AOTH).


5.1.4 Die regering van ? land kan plaaslike produksie stimuleer deur ? beleid van (invoervervanging/uitvoerbevordering) te volg.

5.1.5 Geld wat toeriste van ? land in die buiteland spandeer, skep ? (vraag na/aanbod van) buitelandse valuta. 5x2= (10)

5.2 Twee van die hoofargumente vir beskerming is dat dit die Betalingsbalans beskerm en ? land verhoed om te oor-spesialiseer. Bespreek DRIE ander argumente. 3 x (2 + 2) = (12)

5.3 Verduidelik TWEE vorme van invoerbelasting. (8)

5.4 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




5.4.1 Hoeveel Rand sal beskikbaar wees teen ? prys van OP1? (3)

5.4.2 Die beweging van die Rand van OP2 na OP3 staan bekend as ______ . (3)

5.4.3 Teen watter prys sal daar ewewig in die Rand wees? (3)

5.4.4 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Die bogenoemde grafiek verteenwoordig die buitelandse valutamark. (1)

**[40]**

**VRAAG 6**
**DIE STAAT**

6.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

6.1.1 Die primêre bron van staatsinkomste is inkomste ontvang van (inkomstebelasting / regeringseiendom).

6.1.2 Die (addisionele / aanvullende) begroting maak voorsiening vir ? skielike verandering in die hoofbegroting.

6.1.3 Ten einde inflasie te bekamp, is dit die regering se beleid om sy besteding te (vermeerder / verminder).


6.1.4 Belasting wat maandeliks van ? werker se salaris afgetrek word, is (BTW / LBS).

6.1.5 Die belangrikste funksie van die SARB is om die inflasiekoers te (verhoog/verlaag). 5x2= (10)

6.2 GEAR is een van die makro-ekonomiese beleide van die staat. Bespreek die konsep **GEAR**. (12)

6.3 Onderskei tussen **progressiewe** en **proporsionele** stelsels van belasting. (8)

6.4 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




6.4.1 Watter vorm van belasting word deur die volgende krommes verteenwoordig?

a) Kromme A (3)
b) Kromme B (3)
c) Kromme D (3)
d) Wat word dit genoem wanneer die belastinglas deur ? ander persoon gedra word? (1)

**[40]**

## VRAAG 7
## BELANGRIKE EKONOMIESE ONDERWERPE

Beantwoord enige TWEE van die volgende onderafdelings (7.1, 7.2, 7.3, of 7.4).

7.1 **ARBEIDSVERHOUDINGE**

7.1.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

(a) Die (KVBA/Vakbonde) is ? permanente statutêre instelling vir die handhawing van gesonde arbeidsverhoudinge.

(b) ? Betaling vir dienste voorsien in terme van ? kontrak staan bekend as ? (loon/bonus).

(c) Die (KVBA/Bedingingsraad) is ? instansie wat arbeidsgeskille hanteer. (6)

7.1.2 Die Arbeidsmagdeelnamekoers (ADK) is die persentasie van die bevolking wat hul dienste op die arbeidsmark aanbied. Bespreek VIER faktore wat ? invloed op die aanbod van arbeid het. (12)

7.1.3 Voltooi deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf:

Lone wat nie onder hierdie vlak mag daal nie, staan bekend as _______________ lone. (2)

**[20]**

7.2 **PRODUKTIWITEIT EN WERKLOOSHEID**

7.2.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

(a) (Sikliese/Strukturele) werkloosheid ontstaan weens die stand van die ekonomie.

(b) Die verhouding tussen produksie en hulpbronne staan bekend as (produktiwiteit/insette).

(c) Wanneer ? werker in die proses is om te verskuif na ? nuwe werk staan dit bekend as (strukturele/wrywings-) werkloosheid. (6)

7.2.2 Bespreek VIER wanopvattings oor produktiwiteit. (12)

7.2.3 Voltooi deur slegs die ontbrekende woord(e) neer te skryf:

Werklose persone kan registreer by die kantore van die Departement van _____ . (2)

**[20]**

7.3 **INFLASIE**

7.3.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

(a) Te veel krediet wat beskikbaar is, is ? oorsaak van (vraagtrek-/kostedruk-) inflasie.

(b) ? Leningsheffing wat ingestel word, kan gesien word as ? (fiskale/monetêre) maatreël om inflasie te bekamp.

(c) Die (VPI/PPI) word gebruik om inflasie te bereken. (6)

7.3.2 Oormatige verlening van krediet is een van die oorsake van inflasie. Bespreek VIER ander oorsake van inflasie. (12)

7.3.3 Voltooi deur slegs die ontbrekende woord(e) neer te skryf:

? Hoë vlak van werkloosheid en inflasie op dieselfde tyd staan bekend as ___________ . (2)

**[20]**

7.4 **STRATEGIESE HULPBRONNE**

7.4.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

(a) (Denel/Eskom) voer ? verskeidenheid van wapens uit.

(b) (Eskom/Koeberg) verskaf krag aan verskeie dele van die land.

(c) Sasol produseer olie in Suid-Afrika uit (uraan/steenkool). (6)

7.4.2 Landelike gebiede kan slegs ontwikkel word as daar genoegsame water beskikbaar is. Bespreek VIER ander redes vir watervoorsiening en die bewaring van water. (12)

7.4.3 Voltooi deur slegs die ontbrekende woord(e) neer te skryf:

Die kernkragstasie van Suid-Afrika staan bekend as _________ . (2)

**[20]**

2x20= **[40]**

## VRAAG 8
## ALGEMEEN

8.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

8.1.1 Reële nasionale inkome is die (monetêre/nominale) waarde van nasionale inkome aangepas vir prysveranderings.

8.1.2 Wanneer goedere gereed is vir die mark staan dit bekend as (intermediêre/ finale) goedere.

8.1.3 Kapitaalwinsbelasting is die belasting wat gehef word op die wins wat gemaak word wanneer ? kapitale bate (verkoop/aangekoop) word.


8.1.4 Privatisering verwys na die verhandeling van (private ondernemings/ parastatale).

8.1.5 Die begrip (depresiasie/devaluasie) word algemeen gebruik by vaste wisselkoerse. 5x2= (10)

8.2 Nie-inmenging deur die owerheid is een van die voorwaardes vir ? volmaakte mark. Bespreek VIER ander voorwaardes. (12)

8.3 Onderskei tussen **belastingvermyding** en **belastingontduiking**. (8)

8.4 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die volgende vrae.




8.4.1 Uit die bostaande grafiek, verduidelik hoe verandering in aanbod die prys en hoeveelheid beïnvloed. (6)

8.4.2 Onderskei tussen **aanbod** en **hoeveelheid aangebied**. (4)

**[40]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [200]**

**TOTAAL: 300**

**EINDE**